Ons Verwysing: J33019
(DEA Verw. nr 14/12/16/3/3/1/903)

7 November 2013

Tshwane

Lynnwood Corporate Park
Block A, 1st Floor, East Wing
36 Alkantrant Road
Lynnwood 0081
PO Box 35007
Menlo Park 0102

Tel: +27 12 348 5880
Fax: +27 12 348 5878
Web: www.gibb.co.za

Geagte Belangstellende en / of Geaffekteerde Party

KENNISGEWING VAN 'N BASIESE EVALUERINGSPROSES VIR DIE VOORGESTELDE ZANDKOPSDRIFT 132KV KRAGLYN WAT GEBOU MOET WORD VANAF DIE VOORGESTELDE HOEKKLIP SUBSTASIE (WES-KAAP PROVINSIE) TOT EN MET DIE ZANDKOPSDRIFT MYN (NOORD-KAAP PROVINSIE)

Eskom Holdings SOC Limited (Eskom Verspreding - Wes-Streek) (Eskom) het 'n aansoek ingedien vir Omgewingsmagtiging vir die voorgestelde konstruksie van die Zandkopsdrift 132kV kraglyn vanaf die voorgestelde Hoekklip substasie (Wes-Kaap) tot en met die Zandkopsdrift myn (Noord-Kaap).

Die Aansoek vir Omgewingsgoedkeuring is in ooreenstemming met die volgende wetgewing:

- Omgewingsmagtiging van die Nasionale Departement van Omgewingsake (DEA) in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No 107 van 1998) soos gewysig (NEMA) en die Omgewingsimpakevaluering (OIE) Regulasies (GNR. 544, en 546 van 2010).
- Die aktiwiteit vereis ook 'n watergebruik lisensie (WUL) in terme van Artikel 21 (c) en (i) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet nr. 36 van 1998).

GIBB (Pty) Ltd (GIBB) is aangestel deur Eskom as 'n onafhanklike Omgewingskonsultant (EAP) om die nodige omgewings magtiging prosesse (Basiese Assessering-en watergebruik lisensie) asook die gepaardgaande proses van publieke deelname te onderneem ter ondersteuning van die bogenoemde aansoeke.

STUDIE AREA:

Die voorgestelde kraglyn is ongeveer 81,5 km lank en loop deur die voorgestelde Hoekklip substasie , deur die voorgestelde Landplaas skakel stasie, en uiteindelik tot by die Zandkopsdrift substasie (wat geleë is binne die Zandkopsdrift myn) (Figuur 1). Daar is twee roete-opsies wat oorweeg word vir die kraglyn tussen die Zandkopsdrift myn en die Hoekklip substasie .

Alternatiewe 1 volg 'n noordelike na Noord- Noord - Westelike rigting vanaf die voorgestelde Landplaas skakel stasie wat aan die oostekant en ongeveer parallel met die pad tussen Waterklip en Biesiesfontein, geleë is . Alternatiewe 1 is ongeveer 82 km in lengte .

Alternatiewe 2 (voorkeur roete) volg 'n soortgelyke roete aanpassing as Alternatiewe 1, met die uitsondering van 'n paar afwykings. Hierdie afwykings vind eerstens plaas by die voorgestelde Hoekklip substasie, waar Alternatiewe 2 uitkeer in 'n noordwestelike rigting vir ongeveer 4,5 km voor dit weer aansluit by Alternatiewe 1 roete . Die tweede afwyking vind plaas Suid vanaf die Zandkopsdrift myn, waar Alternatiewe 2 afwyk effens in ‘n oostelike rigting voor die aanvang van die Zandkopsdrift myn substasie, en is ‘n totale afstand van 81,5 km lank. Alternatiewe 2 lê hoofsaaklik na die Ooste van Alternatiewe 1.

Die voorgestelde projek behels die konstruksie van die volgende:

- 'n geskatte 81,5 km lank 132kV oorhoofse kraglyn verspreiding vanaf die Hoekklip substasie na die Zandkopsdrift substasie, deur die Landplaas skakel stasie;
- Hoekklip substasie;
- Landplaas skakel stasie, en
- Zandkopsdrift substasie.

Gebaseer op die voorgestelde roete en aard van die projek, sal verskeie strome oorgesteek word deur die 132 kV kraglyn.

Daar moet kennis geneem word dat die hoofdoel van die voorgestelde kraglyn is om die Zandkopsdrift myn te diens, en sodoende die myn met voldoende en betroubare kragvoorsiening te bied om te voldoen aan die huidige en toekomstige vereistes. Dit sal toelaat dat die myn in volle produksie kan ingaan in die nabye toekoms en sal in ruil die toekomstige ontwikkeling en ekonomiese groei in die gebied bevorder

PROJEK ALTERNATIEWE:

Alternatiewe 1 - Zandkopsdrift 132 kV kraglyn roete

Die Alternatiewe 1 kraglyn sal gebou word langs die volgende roete :

- Hoekklip substasie langs die R363 (31°29'39.01"S;18°18' 3.06"E), draai links by die R363 (31°21'13.30"S;18°14'10.20"E) in die rigting van die voorgestelde Landplaas skakel stasie (30°52'17.940"S17°57'22.349"E) en lê ‘n geskatte afstand van 40km af.
- Van die voorgestelde Landplaas skakel stasie, duur voort in ‘n noordwaartse rigting vir ongeveer 50km na die Zandkopsdrift myn (30°52'17.940"S17°57'22.349"E).

Alternatiewe 2 (voorkeur-alternatief) - Zandkopsdrift 132 kV kraglyn roete

Die alternatiewe 2 (voorkeur-alternatief) kraglyn sal gebou word langs die volgende roete :

- Hoekklip substasie langs die R363 (31°29'39.01"S;18°18'3.06"E), duur voort in 'n noordwestelike rigting vir ongeveer 4.5km (31°27'9.33"S;18°16'3.25"E) voor die roete weer aansluit by die Alternatiewe 1 roete.
- Draai links vanaf die R363 (31°21'13.30"S;18°14'10.20"E) in die rigting van die voorgestelde Landplaas skakel stasie (31°17'24.778"S;18°6'45.722"E) en dek 'n geskatte afstand van 40km.
- Vanaf die voorgestelde Landplaas skakel stasie, duur in ‘n noordwaartse rigting na die Zandkopsdrift myn en wyk dan af van Alternatiewe 1 na die Ooste op twee geleenthede (31°5'45.72"S;18°3'38.44"E en 30°58'21.37"S;18°0'37.52"E) net voor die aanvang van die Zandkopsdrift myn substasie (30°52'17.940"S;17°57'22.349"E), met 'n totale afstand van 81.5km.

**Verwys asseblief na Figuur 1 wat beide Alternatiewe 1 (in geel) en Alternatiewe 2 (voorkeur-alternatief - in Oranje) roetes uitbeeld.*

Figure 1: Alternatiewe 1 & 2 kraglyn roetes

PUBLIEKE DEELNAME:

Alle belangstellende en/of geaffekteerde partye (B&GP's) word uitgenooi om deel te neem deur hul geskrewe kommentaar te registreer op die bogenoemde projek by die GIBB Kantoor vir Openbare Deelname.

Kommentaar moet die B&GP se naam, organisasie, telefoon-en faksnommer, fisiese en posadres, e-posadres jou kommentaar en/of belangstelling in die projek bevat. Hierdie inligting kan dan gestuur word na die Kantoor vir Openbare Deelname (besonderhede verskaf hieronder) deur middel van pos, faks of e-pos.

OORSIG VAN DIE KONSEP BASIESE EVALUERINGSVERSLAG:

Belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) word genooi om te registreer en/of kommentaar te lewer op die Konsep Basiese Evalueringsverslag vir die Eskom Holdings projek. Die publieke oorsigtydperk sal wees vanaf **12 November 2013** tot en met **10 Januarie 2014 (insluitend)**. Die Konsep Basiese Evalueringsverslag en WUL is beskikbaar vir kommentaar by die volgende plekke

Plek	**Adres**	**Kontak persoon**	**Telefoon**
Lutzville Publieke Biblioteek	Du Toit Straat, Lutzville, 8165	Susan Cronje	027 217 1519
Die Gemeenskapsaal in Vleifontein	Landplaas Gemeenskapsaal langs R363	Boeta Smit	027 217 1360
Die Konsep Basiese Evalueringsverslag sowel as die meegaande WULA sal ook beskikbaar gemaak word op die GIBB webtuiste by die volgende webwerf skakel: • http://projects.gibb.co.za/Projects/Zandkopsdrift-132KV-Powerline-BA • 'n CD kopie beskikbaar op aanvraag. Kontak gerus Alecia Barnard			

UITNODIGING NA 'N PUBLIEKE OPE-DAG:

B&GP's word hiermee uitgenooi na 'n publieke ope-dag. Inligting in verband met hierdie vergadering word verskaf hieronder:

Datum: 13 November 2013
Voorlegging tyd: 09:00 – 11:00
16:00 – 18:00
Plek: Landplaas Gemeenskap Saal

Die doel van die openbare vergadering sal wees om die inhoud van die konsep Basiese Evalueringsverslag aan te bied en om dit met die B&GP's te bespreek. Aanbevelings en kwessies / knelpunte wat deur geregistreerde B&GP's gemaak word, sal ingesluit word in die finale Basiese Evalueringsverslag wat aan die bevoegde owerhede voorgelê gaan word vir hul oorweging en besluitneming. Indien u wil registreer as 'n B&GP om bykomende inligting te verkry en / of kommentaar te lewer op die voorgestelde Zandkopsdrift 132kV kraglyn projek, kontak gerus die Kantoor vir Openbare Deelname teen nie later as **10 Januarie 2014** deur middel van die kontakbesonderhede hieronder te gebruik.

Aandag: Kabelo Mphake
Die Publieke Deelname Kantoor
E-pos: publicparticipation@gibb.co.za
Tel: (012) 348 5880
Faks: (012) 348 5878
Pos: Posbus 35007, Menlo Park, 0102

GIBB sal verdere inligting en korrespondensie aangaande die projek en verwante BA proses aan alle geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye versprei en sal ook verdere geleenthede vir kommentaar bied vorentoe gedurende die BA-proses.

Indien u enige verdere inligting benodig, moet asseblief nie huiwer om ons te kontak nie.

Die uwe
Vir GIBB (Pty) Ltd



Tashriq Naicker
Senior Omgewingswetenskaplike